

**Skriflesing:** Hand 2:14-18

**Tema:** Wie is die grootste Christen?

Kan ons met 'n maatband bepaal wie die grootste Christen is? Natuurlik kan ons nie!  
En as ons kyk na 'n prentjie van die kerkraad en 2 baba's wat hierdie jaar gedoop is, wie is die grootste Christen?

Die gevaar is dat ons Christenskap soms aan ouderdom meet. Daarom begin ek vanoggend by paar verhale van jongmense in die Bybel wat groot toegewyde Christene was.

Dawid is so 15-16 jaar oud toe gebeure waarvan ons lees in 1 Sam 15:34-16:13 gebeur. Samuel salf 'n ander koning in die plek van Saul. Die Here stuur hom na Isai toe om onder sy seuns 'n koning te salf. Hy sien 7 seuns, maar die Here wys nie een van hulle aan nie. Eers as Hy vir Isai vra of dit al sy suens is, word die jongste seun, wat skape oppas, geroep. Die seun, Dawid, met 'n rooi gelaatskleur, mooi oë en goeie voorkoms word as koning gesalf.

Hy is omtrent dieselfde ouderdom as Hy in die naam van die Here vir Goliat verslaan. Op 30 jaar word hy koning. Hy heers vir 40 jaar en sterf op 70 jarige ouderdom as 'n man na God se hart.

Ons lees van die jong Israelitiese dogtertjie, 'n slavin van Naaman se vrou, in 2 Kon 5:1-14. Ons weet nie hoe oud sy was nie. Naaman, 'n bevelvoerder van koning Aram se leermag, word melaats.

Die dogtertjie beveel aan dat hy by die profeet in Samaria uitkom. Hy sal Naaman van melaatsheid gesond maak. Op aanbeveling van Elisa, gaan was Naaman hom 7 maal in die Jordaan en hy word gesond en rein.

Hy keer terug na Elisa en hoor in 2 Kon 5:15 die bevelvoerder se getuienis omdat een klein dogtertjie aan die Here gehoorsaam gebly het: <sup>15</sup>“Hy en sy hele gevolg het teruggegaan na die man van God toe. Daar aangekom, het Naaman voor die man van God gaan staan en gesê: “Ek weet nou, daar is geen God op die aarde nie behalwe in Israel.”

Daniel en sy 3 vriende was ook tieners van so 17-18 jaar oud toe hulle weggevoer word in Babiloniese ballingskap. Hulle weier om die Here te verloën.

Die 3 vriende beland in die rooiwarm brandende vuuroond. Die die Here red hulle daaruit en hoor dan Koning Nebukadneser se getuienis in Dan 3: 28-29: <sup>28</sup>“Toe sê Nebukadnesar: “Aan die God van Sadrag, Mesag en Abednego kom die eer toe, Hy wat sy engel gestuur het en sy dienaars gered het. Hulle het op hulle God vertrou en het die koninklike bevel verontagsaam en hulle was bereid om hulle lewe te verloor eerder as om enige god behalwe hulle God te dien of te aanbid. <sup>29</sup>Daarom vaardig ek 'n bevel uit dat enige persoon, van watter volk, nasie of taalgroep hy ook is, wat met minagting praat oor die God van Sadrag, Mesag en Abednego, in stukke gekap moet word en dat sy huis 'n puinhoop gemaak moet word. Daar is immers geen ander god wat in staat is om so te red nie.”

Die Here bewaar Daniel in die leeukuil en dan rig koning Darius die volgende skrywe in Dan 6:27-28 aan alle mense: <sup>27</sup>“Ek gee hiermee opdrag dat in my hele koninkryk die God van Daniël gevrees en geëer moet word. “Hy is die lewende God, Hy bestaan vir ewig; sy koninkryk sal nie vernietig word nie, sy heerskappy sal nooit eindig nie.

<sup>28</sup>Hy red en bevry, Hy doen tekens en wonders in die hemel en op die aarde; Hy het Daniël uit die kloue van die leeus gered.”

God verander die wêreld ook deur seuntjies en dogtertjies. In Johannes 6 gee Jesus vir die skare kos met die seuntjie se die vyf garsbrode en die twee vissies. Net die manne wat eet is 5000 en 12 mandjies vol kos bly oor.

Die volgende verhaal kom uit 1800. Mary Jones, het elke Sondag saam met haar ouers kerk toe gegaan. Daar het die dominee uit die Bybel gelees. Hy het stories vertel en hulle geleer. Mary het op 8 jarige ouderdom tot bekering gekom.

Sy wou so graag ook 'n Bybel gehad het, maar daar waar hulle gebly het, in daardie deel van Wallis, was daar nie 'n skool nie. Dus kon sy ook nie lees of skryf nie. Sy het wel baie keer deur die week by 'n tannie wat naby hulle gebly het, gaan kuier en dan kon die tannie vir haar uit die Bybel voorlees.

Op 'n dag het haar pa by die huis gekom en die goeie nuus meegedeel dat daar 'n skool gaan kom. Sy het elke dag werkies gedoen – kinders opgepas, hout verkoop.... alles om geld te spaar, want dit het baie swaar gegaan met haar en haar ouers. In die jaar 1800, na 6 jaar van spaar, toe sy 16 jaar oud was, het sy eendag die 42 km na die buurdorp Bala gestap om vir haar 'n Bybel te gaan koop, omdat daar nie Bybels in hulle dorpie beskikbaar was nie. Sy kom toe by ds Thomas Charles en vertel hom dat sy geleer lees en skryf het...en 6 jaar al spaar vir haar eie Bybel. Ongelukkig het hy niks meer gehad nie. Mary het sommer in tranes uitgebars en toe besluit ds Charles hy gaan een van sy Bybels vir haar gee.

Dit is die ware verhaal van hoe die Bybelgenootskap begin het. Want toe ds Charles weer by 'n vergadering kom van al die dominees, het hy vir hulle Mary Jones se storie vertel. Hulle het toe besluit dat daar iets gedoen moet word sodat Bybels aan almal versprei kan word teen bekostigbare pryse.

Daar is niks mee verkeerd nie, maar ek dink die klem val in gemeentes te veel op jongmense wat bedien moet word, in plaas van jongmense wat gehoorsaam dien. Ons dink dat jongmense eers kan begin dien as hulle belydenis van geloof afgelê het en dit is glad nie so nie. God doen groot goed deur klein mense.

Dit is hierdie belangrike waarheid wat die Here vanoggend opnuut bevestig. Hy tref nie onderskeid tref tussen die “grootte” van sy kinders in terme van hul ouderdom of 'n maatband nie. Ons is God se familie en soos families mekaar nodig het, so het ons mekaar nodig.

Die mense in Bybelse tyd (en vandag steeds) het die wêreld in groepe verdeel - belangrik en minderwaardige groepe. Ook in hul godsdienstige leefwêreld was daar mense wat belangriker was as ander. Daar is gediskrimineer en onderskeid gemaak tussen mans en vroue; kinders en grootmense; konings, base, eienaars en onderdane en dienaars (slawe); profete en gewone mense en Jode en ander volke om maar net 'n paar voorbeelde te noem.

Met die uitstorting van die Heilige Gees, kom herinner Petrus die mense in Hand 2:14-18 dat God nie onderskeid maak nie. Hy sluit almal in by die belofte van die Gees. Die Gees

diskrimineer nie. Die Gees maak nie sekere mense of groepe belangriker as ander nie. Die Gees verkleineer nie. Die Gees sluit mense in en maak almal diensbaar.

In die laaste dae, die tyd tussen Jesus se eerste en tweede koms, stort God sy Gees op alle mense, jonk en oud, uit.

Seuns en dogters sal as profete optree, hulle sal God se wil bekend maak. Jongmense sal gesigte sien. Ou mense sal drome droom. Op dienaars en dienaresses sal die Here sy Gees uitstort.

In die kerk van die Here is daar nie sprake van groot en klein Christene nie. Ons is God se familie. Ons het mekaar nodig, veral in tye soos hierdie. Al wat ons het is God en mekaar. Kom ons ondersteun mekaar, bid vir mekaar, dien mekaar en versterk mekaar uit die Woord van die Here.

Kom ons kyk saam na die volgende video hoe 'n groep uiteenlopende mense belydenis van hulle geloof doen. Dit is soos die kerk van die Here moet lyk.

<https://www.youtube.com/watch?v=g5bEid17nnU>

Daarna vra ons die Here biddend om ons as sy geestelike familie in sy liefde aan mekaar te bind deur die sing van Lied 532:1-3:

Ons Vader, neem ons hande en maak ons een.

Versterk u self die bande - gee ons u seën.

Bind ons in u genade aan U, o Heer,

en leer ons om met dade u Naam te eer.

Heer, wees vir ons 'n Vader wat sorg en sien.

Trek ons in Christus nader om U te dien.

Laat, Heer, u Gees ons voorgaan, laat Hy ons lei,

dat ons u Woord gehoorsaam, ons aan U wy.

Leer ons mekaar vergewe, mekaar vertrou.

Laat ons die hele lewe op liefde bou.

Laat heers oor ons u vrede, en bind ons saam.

Verhoor tog ons gebede in Jesus Naam.

Amen